Resensie

Kameleon deur Charlotte van den Broeck
Vertaler: Daniel Hugo

Marni Bonthuys

Die Vlaamse digter Charlotte van den Broeck debuteer in 2015 met die digbundel *Kameleon* by die uitgewery De Arbeiderspers. Die feit dat hierdie tóé 24-jarige Belgiese digter se debuutbundel deur 'n bekende Nederlandse uitgewer gepubliseer is, dui reeds op die kwaliteit van haar debuutwerk, aangesien Nederlandse uitgewerye tradisioneel minder Vlaamse outeurs se werk publiseer en debutante in elk geval minder geredelik deur groot uitgewershuise uitgegee word. Intussen verskyn haar tekste *Nachtroer* (2017) en *Waagstukken* (2019) by De Arbeiderspers. In 2020 vertaal Daniel Hugo haar debuut (ook getiteld *Kameleon*) na Afrikaans vir Protea Boekhuis. Hugo is die Afrikaanse vertaler wat die meeste vertaalwerk van Nederlandse poësie na Afrikaans behartig, terwyl Protea Boekhuis waarskynlik die meeste vertaalde poësie in Afrikaans uitgee.

Die Nederlandse uitgawe van die bundel het 'n effekleurige omslag met swart, grys en rooi letters – die soort vakjoernaalagtige voorblad wat dikwels ook deur uitgewers soos Van Oorschot gebruik word en skynbaar 'n hermeneutiese, serebrale poësie sinjaleer. Protea kies 'n mooi kunswerk van 'n vertrek in skakerings van groen op die voorblad. Die vermenging van groene aktiveer die assosiasie met die verkleurmannetjie waarop die titel uiteraard dui. Die kamer, skynbaar geskets/afgeneem deur 'n venster en vanuit verskillende hoeke, roep die beeld op van 'n soort veelkantige binnekamer waarby die leser van die teks binnegenooi word.

Van den Broeck se verse is inderdaad intiem. Die eerste afdeling ("Die rooi kruis op die skatkaart") bied 'n blik op die gedagtewêreld van 'n naïewe kinderspreker. Veral die openingsgedig ("Boekarest", 11) het emosionele trefkrag en vertoon 'n soort openhartigheid wat die leser raak. Die spreker in die gedig vertel hoe haar oupa, terwyl hulle in haar kindertyd saam 'n wêreldatlas sit en deurkyk, sy vinger op die hoofstad van Roemenië gedruk het en sou verklaar dat daar "'n skitterende versameling hoertjies" in hierdie stad was. Die dogtertjie verstaan egter 'n "hoer" as "iets soos die Eiffeltoring" en verwyt die oupa dat hy nie "'n miniatuurweergawe daarvan vir my saamgebring het nie". In die slotstrofe vermeld die spreker dat dit "(l)ater" sou blyk dat "landsgrense en oupas relatief is" en ten slotte dat sy hom tóé nog as "'n uitstekende gids gesien het".

Opvallend is die agternaperspektief waaruit talle van die verse geskryf is – die kinderspreker is dalk dikwels aan die woord, maar daar word nie vanuit die oogpunt

van die kind gefokaliseer nie. Sien byvoorbeeld die tweede gedig ("Sisjön", 12) in dieselfde afdeling:

> By die meer staan 'n kaal oupa en 'n kind.
> Ons besluit dit is natuurlik
> kyk beleef na ons tone terwyl ons uittrek.
>
> Ons dwing ons wange om te glimlag
> met een kyk verdwyn die onskuld van my swemklere.
> So gly ons die water in, skalks.

Die titel van die gedig verwys na 'n meer in Swede en die vers vertoon soos 'n jeugherinnering van die digter-spreker wat afspeel by die Sisjön-meer en eindig met die verlies van onskuld: "langs die tent kry ons 'n dooie kuiken. / Wat dit ook al was, dit was weerloos." Hoewel die spreker dus skynbaar 'n kind is, is die perspektief waaruit die gebeure vertel word dié van 'n volwassene wat terugkyk na 'n naïewe kindertyd.

Die agterplat van die bundel dui aan dat die gedigte "'n meisie se identiteitsoektog na vrouwees karteer". In gedigte soos die laaste een in die eerste afdeling, getitel "Charlottepoeding" (25), word hierdie tematiek veral ontgin met duidelik outobiografiese verbande wat tussen die spreker en die digter self gelê word:

> Toe jy jou omdraai en ons nog vergeefs
> probeer om 'n nagereg te maak van ons poedingbene
> het ek geweet dat jy my lankal nie meer dáár kan verdra nie.
>
> Ek kom nogtans in allerlei geure:
> - Charlotte met framboosroomys.
> - Charlotte met lemoen en muntjellie.
> - Kersiecharlotte.
> - Advokaatcharlotte.
> - Hamcharlotte uit Bourgogne.
>
> Nee?

Identiteitsoeke staan dus hier sentraal met die digter-spreker wat dit het oor die aanpassing van haar persoonlikheid vir haar geliefde – sy kan verskillende weergawes van "Charlotte" wees na gelang van die 'geur' wat verkies word. Dit skakel met die titel van die digbundel en die idee van die verkleurmannetjie wat van kleur kan verander om sigself te kamoefleer en so te beskerm.

Die spel met die woord "charlotte" strek ook verder as net die reële naam van die digter – 'n charlotte is 'n soort Franse nagereg, tipies gemaak in 'n ronde bakvorm uitgevoer met sponskoekvingers of koekies en verskillende vulsels. Die vertaling van "frambozenschuimijs" as "framboosroomys" laat hierdie speelse verwysing effens verlore gaan, aangesien "Charlotte met frambozenschuimijs" 'n spesifieke en bekende soort nagereg is wat tipies gemaak word met sponskoekvingers, room, skuimpies, Griekse joghurt en frambose. Oor die vertaling van "muntgelei" na "muntjellie" is ek ook onseker. Moet dit nie liefs "mentjellie" wees as dit na 'n soort kruisementjellie verwys nie? Opvallend in hierdie strofe is voorts die ongewone Afrikaanse woord "poedingbene" wat die vertaling is van "puddingbenen". Anders as dié Afrikaanse vertaling is die oorspronklike Nederlandse woord 'n meer algemeen gebruikte term, betekenend (in Nederlands) 'wankelrige bene' (soms 'drillende bene') wat nog 'n betekenislaag, naamlik vrees of onsekerheid, in die eerste strofe aktiveer.

Die fokus op die liggaamlike is 'n deurgaanse tema in die bundel met die liggaam wat dikwels nie noodwendig vleiend of liries beskryf word nie. Een so gedig is "Bulkop" (54) wat handel oor die problematiese verhouding met die moeder, nog 'n tema van die bundel wat veral in die laaste afdeling ("Die oorsprong") aan bod kom. Die digter-spreker beskryf die moeder se postpartum-liggaam nie in die vleiendste taal nie: "Sedert my geboorte woed in my ma se onderbuik / 'n enorme bulkop. Hy tier deur haar verlate lyf / en maak littekens in die moeder wat braak lê". Die moeder se onvermoë om die dogter as selfstandige mens, met haar eie drome en behoeftes, te sien, kom telkens in hierdie vers (en die res van die afdeling) na vore. In die finale strofes bereik hierdie kwessie 'n krisis as die ma sukkel om die dogter se fisiese volwassewording te aanvaar:

> Op 'n oggend kondig ek toe vir haar die koms van klein borste aan.
> Sy was dae lank verpletter.
>
> Uiteindelik kry ek 'n bra,
> een met Hello Kitty daarop.

Die "Hello Kitty"-motief op die kind se bra blyk 'n keuse te wees wat die ma juis maak as gevolg van die kinderlikheid daarvan – dit is skynbaar die ma se laaste poging om die "briesende bulkop" in haar "buik" te besweer. Die moeder se verlies aan die kind is egter onkeerbaar: "'n Holte is eers 'n leegte as daar niks meer in pas nie. / Stadig fossileer ons in twee aparte wesens." Die aanvaarding van die eie liggaam, spesifiek ook van die dogtertjieliggaam of meisieliggaam wat vroueliggaam word, skakel duidelik met die tema van die identiteitsoektog.

Die middelste afdeling van Van den Broeck se bundel is getitel "Discovery Channel" en handel veral oor die liefdesverhouding. Hierdie onderwerp word aan die einde van die eerste afdeling reeds ingelui deur die bovermelde "Charlottepoeding". Liggaamlikheid en die feit dat die mens 'n soogdier is soos enige ander op die "Discovery Channel", word hier ontgin. Opvallend is dus die deurgekomponeerdheid en slim plasing van die verse.

Talle van die gedigte in hierdie middelste afdeling sou as praatpoësie bestempel kon word en dui op Van den Broeck se status as podiumdigter – die agterblad verwys na die feit dat sy "eers as voordragkunstenaar sukses behaal" het voor haar papierdebuut verskyn het. As gesoute podiumdigter werk Van den Broeck dan ook besonder knap met klank en diegene wat belangstel om die oorspronklike Vlaams in die stem van hierdie vaardige voordragkunstenaar te hoor, kan gerus YouTube raadpleeg. Wat die keersy van hierdie aspek betref, is die feit dat die beeldgebruik in gedigte soos "Seraphic Light" (34) en "Rorschach" (41) soms oordadig is en oënskynlik meer geskep is met 'n gehoor as 'n leser in gedagte.

Met die onlangse debakel aangaande die Nederlandse uitgewer Meulenhoff se keuse van die bekroonde outeur, Marieke Lucas Rijneveld, as vertaler van die Amerikaanse digter Amanda Gorman se verse na Nederlands, is die kwessie geopper of 'n wit vertaler, wat as nie-binêr identifiseer ten opsigte van gender, 'n swart feministiese digter se werk sou kon vertaal, spesifiek ook werk wat identiteit sentreer. Gegewe die feit dat Van den Broeck se verse juis die "meisie se identiteitsoektog na vrouwees" ontgin, sou die vraag gestel kon word of 'n man dit effektief kan vertaal en hierdie "soektog" in Afrikaans verwoord. Vir my as resensent is vrae aangaande die kwaliteit van die vertaling meer relevant as die rolspelers se identiteite. Soos reeds aangedui, bevraagteken ek enkele van Hugo se vertaalkeuses. Ek vind egter dat die vertaling oor die algemeen vlot lees. Wat die Afrikaanse taal wel nie so mooi vasvang nie, is die liriese klankmatigheid van Van den Broeck se poësie – 'n aspek wat waarskynlik nie werklik voor die vertaler se deur gelê kan word nie. Van den Broeck is, soos vermeld, bekend as 'n podiumdigter met van haar verse wat by uitstek van klank gebruik maak en duidelik gevorm is met die soort rollende Vlaamse r-klanke en sagte g's eie aan die gebied van die Belgiese Kempen (Van den Broeck kom van Turnhout, 'n stadjie in die Kempen-area) in gedagte. Hierdie unieke klanke is eenvoudig moeilik vertaalbaar in Standaardafrikaans. As voorbeeld haal ek die bronteks en doelteks van "Kameleon [II]" (strofe 1) aan:

> Ik spreek in een slepende melodielijn van 'hier' en 'nu' en 'blijf'
> herhaal dit zo vaak tot het schuurt
> tot je me terug in je mond rolt, me onuitgesproken
> op je deinende tong legt, zachtjes

zoals kleine meisjes met overgewicht zachtjes
stuiteren bij het lopen. (38)

Teenoor:

Ek praat in 'n slepende melodielyn van 'hier' en 'nou' en 'bly'
herhaal dit so dikwels tot dit skuur
tot jy my terug in jou mond rol, my onuitgespreek
op jou deinende tong neerlê, saggies
soos wat klein mollige meisies saggies
hop terwyl hulle loop. (38)

Soos reeds aangedui, lees Hugo se vertaling vlot – hy skep hier byvoorbeeld mooi Afrikaanse alliterasie en assonansie met frases soos "mollige meisies saggies" – en vang die betekenis van die bronvers goed vas. Klankmatig is die Vlaamse geluid, wat in hierdie spesifieke gedig ook deel van die betekenis van die vers aktiveer, egter bykans onmoontlik om in Afrikaans te weergee.

Alles in ag genome is *Kameleon* egter 'n besonder interessante bundel en Charlotte van den Broeck 'n fassinerende digter. Protea Boekhuis sowel as die vertaler Hugo verdien lof daarvoor dat hulle minder bekende stemme, soos Van den Broeck, uit Vlaandere, 'n taalgebied wat ongelukkig dikwels nie in die Afrikaanse literêre veld soveel aandag geniet soos die Nederlandse taalgebied nie, op hierdie manier aan 'n Afrikaanse leser bekendstel. Mag daar nog baie sodanige digstemme in Afrikaans verskyn.

Universiteit van Wes-Kaapland